Hoërskool Goudini

A P Hanekom - Skoolhoof

Sedert 1858

Posbus 25 RAWSONVILLE 6845
023-3491070 / Faks 0866587099

Van Riebeeckstraat 39 RAWSONVILLE 6845
admin@hsgoudini.co.za

NUUSBRIEF

PERSONEEL VERJAARSDAE

27 Januarie – Suzette Naudé (Graad R)

Geagte Ouers

PITKOS

As 'n mens se kind baie slim, baie mooi en baie talentvol is, het jy niks om op trots te wees nie, net dankbaar, want jy het hom so by God gekry. Maar...as jou kind 'n goedgemanierde en fyn gebalanseerde mens is wat sy plek in die samelewing kan volstaan, dan is dit 'n aanduiding van hoe goed jou ouerskap geslaag het!

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE VOLGENDE 2 WEKE

27 Januarie	-	Atletiek: Sonebyeenkoms Worcester
		Jukskei: Worcester
1 Februarie	-	Tennis: Worcester Primêr vs Goudini
7 Februarie	-	o.11 en o.13 krieket vs Worcester-Oos
8 Februarie	-	Atletiek: Vyfhoekbyeenkoms (tuis)
		Tennis: Goudini vs De Villiers Graaff

BYKOMENDE DATUMS OP KWARTAALPROGRAM

29 Jan – 1 Feb	-	o.13 krieket vs EP (w); o.11 krieket vs EP (t)
12 – 15 Feb	-	o.13 krieket vs CW P-A (t); o.11 krieket vs CW P-A (w)
19 – 22 Feb	-	o.13 krieket vs DVG (t); o.11 krieket vs DVG (w)
26 Feb – 1 Mrt	-	o.13 krieket vs HUB B (t); o.11 krieket vs HUB B (w)

O.13 RUGBYTOER

Ons toer na Augsburg aan die einde van kwartaal 1. Indien enige iemand kan help met borge vir die toer sal ons dit baie waardeer. U kan vir Mnr Breedt skakel indien u wil betrokke raak by die O.13 span.

SPORTDAG: 24 MAART 2018

Ons skool is die jaar 160. Dit is ons jaarlikse sportdag die jaar en gaan baie groot wees met 80 rugby- en netbalspanne wat op 24 Maart 2018 kom speel. Ons wil dus vir elke ouer en leerder vra om die datum oop te hou omdat ons almal se hulp gaan benodig om die dag 'n sukses te maak.

SKOOLGELDE EN NOTAGELD

Die skoolfonds vir 2018 beloop R8 170.00 per jaar (R817.00 per maand, bereken oor 10 maande). Notageld beloop R480.00 per leerder en is verpligtend vir alle leerders vanaf Graad 1 – 12. Ons vra dat u asseblief hierdie bedrag so gou moontlik sal vereffen.

VRYSTELLINGSVORMS

Alle vrystellingsvorms moet asseblief teen nie later nie as 10 Februarie ingehandig word. Let asseblief daarop dat u elke jaar 'n nuwe vorm moet invul.

SPORTKLERE

Sportklere kan by Mev Stofberg verkry word op Maandae, Woensdae en Donderdae tussen 07:30 en 12:30.

Die uwe

A P HANEKOM
Skoolhoof
26 Januarie 2018